PREEKBEURTE IN Oktober/November 2020

25 Okt	Oggend	Ds Daan Bakker	Aand	Prof Callie Coetzee
1 Nov	Oggend	Prof Chris van der Walt	Aand	Prof Callie Coetzee
8 Nov	Oggend	Ds Piet Venter konsulent	Aand	Prof Callie Coetzee
15 Nov	Oggend	Prof Ferdie Kruger	Aand	Prof Callie Coetzee
22 Nov	Oggend	Ds Koos Mouton	Aand	Prof Callie Coetzee
29 Nov	Oggend	Ds Dirk Laufs	Aand	Prof Callie Coetzee

VAN ONS DIAKONIE

KOLLEKTES: Vandag en elke Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid in die blou sakkies**.
Vanoggend by die deure vir die **Thusofonds in die rooisakkies.**
Hierdie fonds is om die emeriti uit die jonger kerke (voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn) te help versorg.
Vanaand: **Diens van Barmhartigheid en Kerkkas.**

Die spesiale kollektes in Oktober gaan vir:

Sondag	4 Oktober	Emeritaatsfonds
Sondag	11 Oktober	Emeritaatsfonds
Sondag	18 Oktober	Bybelverspreiding
Sondag	25 Oktober	**Thusofonds**

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.
Daar is ook **lidmate** in ons gemeente wat in hierdie tyd **geen inkomste** het nie. Dit mag van die diakonie nog meer hulp vra as gewoonlik. Ons is die een liggaam van Christus wat in sy liefde na mekaar moet omsien.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf. (www.gkpotchefstroom.co.za)



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 36, nr 42 Sondag 25 Oktober 2020
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste. Ouderlinge van wyke **B7** en **C1**: **Wyk B7 vakant en wyk C1 is Nico Spaumer.**
Diakens: Wyke **B7 Gerhard Willemse en C1 Corné Kruger.**

EREDIENSTE **Oggend ds Daan Bakker**
Die whatsapp-diens vanaand deur prof Callie Coetzee

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Lidmate kan die preek op ons whatsapp-groep **GK Potchefstroom preke** en ook op internet www.gkpotchefstroom.co.za volg.

Die diens vanoggend word waargeneem deur **ds Daan Bakker**. Ons bid hom die seën van die Here toe op die prediking.

OGGEND: Votum en Seën. Psalm 107:1, 3
Belydenis: Psalm 18:1,14
Wet: Levitikus 19: 1 - 4 en 9 – 18. Psalm 119: 3, 5
Gebed
Lees: Numeri 11: 4 – 34. **Teks:** Numeri 11: 4 en 29
TEMA: ***Lus kry of gelowig wens!***
Psalm 91:1, 8. Woordbediening
Gebed. Psalm 105: 2, 3**. Seën.**

AAND: Skriflesing: Jesaja 53
Kategismus: H K Sondag 15.
SING: Psalm 118: 11, 12; Skrifberyming 7: 3, 5 (Tema 5 - 2);
Psalm 84: 4, 6.

As gevolg van die skoolvakansie, sal daar nie Dinsdag Bybelstudie wees by Huis Eikelaan nie en ook nie katkisasie Woensdagmiddag nie.

Die volgende Op die Kerkwerf verskyn weer op Sondag 8 November 2020.

LIEF EN LEED

Ons is diep dankbaar teenoor ons troue Verbondsgod, saam met Faans en Ina Steyn 084 402 9394 en hulle dierbares.
Faans herstel goed na die baie groot operasie aan sy pankreas, maag dunderm en galblaas, en is Donderdag uit die hospitaal ontslaan. Ons bede is dat die Here hulle ook verder sal dra op die pad van herstel.

Ds Abie Pelser en sy vrou **Magrieta** 082 921 5514 is steeds in die versorgings-eenheid van Huis Eikelaan. **Magrieta** sterk nog aan na haar heupvervanging. **Ds Abie** is met ernstige kanker gediagnoseer. Dit is ’n groot skok en beproewing. Ons bid hom en Magrieta, hulle seun Abrie en sy gesin, en ander dierbares die krag en genade van ons troue Verbondsgod toe. Mag Hy as die God van alle vertroosting hulle ryklik versterk in hierdie tyd.

Dit gaan steeds nie goed met **Susan Nortjé** se gesondheid nie. Ons bid haar en Koos 079 781 0499 en hulle dierbares krag en genade toe.

Tillie Eloff 082 858 5354 ondergaan op 2 November ’n oogoperasie. Ons bede is dat die Here dit ryklik sal seën en dat sy volkome sal herstel.

Bennie van der Berg ondergaan op 6 November ’n operasie om ’n spier te heg. Ons bede is dat die Here die operasie sal seën en dat hy die gebruik van sy been ten volle sal terugontvang.

Susan Van der Merwe 079 251 5547 was die afgelope week in Pretoria vir mediese ondersoeke. Ons bede is dat die uitslae gunstig sal wees.

Tienie Venter 072 279 0878 was weer in Mediclinic opgeneem, maar is ontslaan en sterk aan in Huis Anna Viljoen. Ons dank die Here dat Hy weer beterskap gegee het.

Kyk asb in Op die Kerkwerf vir die inligting tov kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge.

Ons dink steeds aan **Magda Viljoen** 079 408 2835 en **Hennie** en die dogters **Carina en Anelri** in ons gebede. Mag ons troue Verbondsgod die behandeling ryklik seën.

Ons gebede gaan ook steeds op tot ons hemelse Vader vir **Sonja** en **Tinus Venter** en ook vir Sonja 072 776 3700 se pa wat ook met kanker gediagnoseer is. Mag die Here hulle in sy liefde en genade toevou in hierdie tyd en in sy almag ook genesing gee. Sonja ontvang DV Woensdag haar laaste chemoterapie behandeling en dan sal daar besluit moet word oor verdere behandeling.

Ons doen ook weer ‘n beroep op bydraes vir die fonds waarmee die breë kerkraad begin het om vir Tinus en Sonja te help met die hoë mediese uitgawes. Enige bydrae is welkom en kan in die rekening van die diakonie inbetaal word waarvan die nommer in Op die Kerkwerf verskyn. Ons vra ook dat u die fonds bekendstel by kennisse en familie buite ons gemeente wat moontlik ‘n bydrae kan maak. Ons innige dank aan die lidmate en persone/instansies buite ons gemeente wat reeds ‘n bydrae gemaak of beloof het.

VAN DIE KERKRAAD

Beroeping van ’n Predikant

Geagte Broers en Susters
Op ’n vergadering van **11 Oktober 2020** het die Breë Kerkraad besluit om die volgende tweetal aan die gemeente voor te hou:
Ds Marnix Boersema van Graaff-Reinet en Ds Jannes van Dyk van Ventersdorp

Die verkiesing sal DV **vanoggend**
gedurende ’n **Gemeentevergadering** plaasvind.
Ons vra u voorbidding vir hierdie saak.
Flip Mostert. Voorsitter: Bedieningskommissie

Ds Jannes van Dyk (40) is getroud met Yolandé en hulle het ’n seun en dogter.

Ds Marnix Boersema (28) is getroud met Clarinda en hulle het ’n seun en dogter.

VERJAARDAE HIERDIE 2 WEKE

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

26 Okt **Lalie Venter,** Huis Eikelaan TB 414, ☎ 018 294 6515. Wyk B3. **90**
27 Okt **Malie Wyma,** Beyers Naude 180, ☎ 072 373 7361. Wyk A1
28 Okt **Jana van Ryssen,** Huis Eikelaan S 22, ☎ 076 738 7468. Wyk B4
Gerda van der Kooy, MC Roode 531, ☎ 060 879 0793. Wyk E4
30 Okt **Terence Kent,** Van der Stelstraat 51, ☎ 082 568 5737. Wyk A5
31 Okt **Cathrien de Jager,** Macorina B7, ☎ 072 941 5608. Wyk A5
Lina Minnaar, Huis Eikelaan S 58, ☎ 018 293 3995. Wyk C5. **93**
1 Nov **Pieter Jooste,** Sol Plaatjiesstraat 131, ☎ 079 887 0474. Wyk E3
3 Nov **Pieter Stoker,** Huis Eikelaan S62, ☎ 082 440 3938. Wyk C2. **94**
4 Nov **Miekie Coetzee,** Villa Louanne 2, 071 887 1814. Wyk A5
Annetjie Kruger, Villa Michelle 3, ☎ 076 391 7688. Wyk B1
5 Nov **Carmie Huisman,** Mooiriviertuine 8, ☎ 061 297 2891. Wyk A6
Frieda v d Walt, Vyfhoek Hoewe 993, ☎ 071 169 6521. Wyk B3
6 Nov **Cas Stoop,** Bloemstraat 20, ☎ 082 431 2831. Wyk B1. **90**
7 Nov **Marlet Baptista,** Aandblomstraat 13, ☎ 072 784 0687. Wyk A6
René Holm, Lungilewoonstel 8, ☎ 072 902 8816. Wyk D1

MOOIRIVIER KERSMARK 2020

Ons kan met dankbaarheid noem dat die Mooirivier Kersmark, DV hierdie jaar gaan plaasvind vanaf 23 November tot 5 Desember 2020 by die Gereformeerde Kerk, Potchefstroom-Oos, Paryslaan, Bailliepark, Potchefstroom.

Die mark is bedags van 09:00 tot 20:00 oop, Sondag gesluit en die laaste Saterdag slegs tot 16:00 oop.

Besoekers kan uitsien na heerlike etes by die restaurant.

Daar sal soos gewoonlik 'n verskeidenheid bekostigbare geskenke te koop wees, asook geskenkbewyse wat gekoop kan word vir kollegas en vriende.

Kontak gerus die kerkkantoor by kerkkantoor@oosdoppers.co.za vir meer inligting.

Gratis stapelbed beskikbaar. Skakel vir Pieter Bouwesema 082 923 1384.

Geopende Deure
FRONTLINIE GELOOF
Vervolg Maar nooit alleen.
Posbus 1771.Cresta Suid-Afrika 2118 +27 11 888 9341 +27 11 888 9362

TURKYE

Streek Midde-Ooste. **Christelike bevolking:** 0.2% Christene in die land
Meerderheidsgeloof: Islam

Die baie sterk godsdienstige nasionalisme wat die Turkse samelewing deurdrenk, plaas groot druk op Christene. In die afgelope jaar het die regering nie Christene in die besonder geteiken nie, maar Turkye se nasionalistiese samelewing laat omtrent geen spasie vir Christene om 'n alternatiewe boodskap te verkondig nie.

Christene vanuit 'n Moslem-agtergrond steek dikwels hul geloof weg, want om Islam te verlaat word as 'n verwerping van die Turkse identiteit, Islam en hul familie gesien. Bekeerlinge van Islam tot Christenskap ervaar teenstand in die samelewing. Christene word as tweedeklasburgers beskou en word fyn dopgehou deur hul familie en die gemeenskap. Hulle kan selfs onder huisarres geplaas word.

Die media se beriggewing rakende Christene is baie eensydig en Christene ervaar gereeld diskriminasie in hul omgang met die owerhede. Sommige Christene word ook valslik beskuldig van misdade wat hulle nie gepleeg het nie. Christene het geen toegang tot staatposte nie en ervaar ook diskriminasie wanneer dit kom by werk in die privaatsektor.

GETUIENIS

"Ek is 'n Christen en ons verwag om vervolg te word."

– Esther, wat van Iran is en as 'n vlugteling in Turkye leef

Esther en haar gesin het na Turkye gevlug nadat hulle in Iran met tronkstraf gedreig is oor hul geloof in Jesus. Die lewe as 'n vlugteling in Turkye is egter moeilik. Dis moeilik om werk te vind en hulle word gereeld verwerp en soos tweedeklasburgers behandel.

Bid vir Turkye

- Bid dat die Kerk sterk sal bly, selfs indien vervolging, nasionalisme en ekstremisme toeneem.
- Bid saam met Christene wat Islam verlaat het om Jesus te volg. Vra die Here om hulle onderskeiding en die regte woorde te gee om hulle families en bure met goedgunstigheid en wysheid te bedien.
- Bid dat die getrouheid van vervolgde gelowiges hul families na die liefde van Christus sal lei.